SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2016

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

*IAFRFA3*

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50 punte) |
| AFDELING B: | Lang Transaksionele Tekste | (30 punte) |
| AFDELING C: | Kort teks: Naslaan-, informatiewe- en transaksionele tekste | (20 punte) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE AFDELING.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

1.1 Hierdie geheim dra ek saam met my graf toe. **[50]**

**OF**

1.2 Suid-Afrika het heelwat vakansiedae, bv. Kersdag, Nuwejaarsdag, Jeugdag, Vryheidsdag, Erfenisdag.

Vertel in ŉ goeie opstel van die vakansiedag/dae wat vir jou baie betekenis het en hoe julle dit vier. **[50]**

**OF**

1.3 Hierdie (wed)stryd het ek gewen. **[50]**

**OF**

1.4 Suid-Afrika behoort meer tegniese/praktiese skole te hê.

Stem jy saam met die stelling? Verduidelik jou standpunt in ŉ goed gestruktureerde opstel. **[50]**

**OF**

1.5 As my telefoon kon praat, ... **[50]**

**OF**

1.6 1.6.1



[Bron: www.google.co.za] **[50]**

**OF**

1.6.2




[Bron: *Huisgenoot*, 2015] **[50]**

**OF**

1.6.3




[Bron: www. google.co.za] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Skryf ŉ formele brief aan die eienaar van ŉ bekende restaurant wat jy onlangs besoek het. Jy kan **kla** oor swak diens of jy kan die eienaar **komplimenteer** oor die uitstekende diens wat jy daar ontvang het. **[30]**

DIE BESTUURDER
WIMPY
POSBUS 135
WALMER PARK
PORT ELIZABETH
6070

**OF**

2.2 **HULDEBLYK**

Jou geliefkoosde onderwyser is oorlede. Jy is gevra om die huldeblyk by die gedenkdiens wat by die skool gehou sal word, te lewer. **[30]**

**OF**

2.3 **INFORMELE VERSLAG**

Jou sokker/hokkie/rugby/netbalklub het ŉ speletjiesdag, genaamd Grillerige Geite "Fear Factor" by die skool gehou. Jy moet nou ŉ informele verslag skryf oor hoe die dag afgeloop het. **[30]**

**OF**

2.4 **DIALOOG**

Jy het die geleentheid gekry om Mark Zuckerberg, die persoon wat "Facebook" ontwerp het, te ontmoet. Skryf nou die dialoog neer waarin jy vir hom vra hoe "Facebook" ontstaan het. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

3.1 **ADVERTENSIE**

Jou klas reël ŉ kultuuraand om fondse vir die matriekafskeid in te samel. Ontwerp nou ŉ advertensie waarin jy leerders en ouers uitnooi om die aand by te woon. **[20]**

**OF**

3.2 **POSKAART**

Jy het ŉ kompetisie gewen, waarin jy ŉ bekende popster se musiekkonsert in Kaapstad kan bywoon. Skryf nou ŉ poskaart aan jou beste maat, die aand nadat jy die konsert bygewoon het. **[20]**

**OF**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy is hoof van die leerderraad en is gevra om die nuwe graad 8-leerders te help om by die hoërskool aan te pas. Skryf nou TIEN instruksies (**5 moets en 5 moenies**) neer wat hom/haar sal help om by die skool aan te pas. Noem jou instruksies: **Hoe om hoërskool te oorleef**. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou